

8 Julie 2013

**Skrifgedeelte: Psalm 147:12-20**

**Fokusgedeelte: Psalm 147:18**

### **Word blyer in die geloof**

Die Psalmis roep ons op om die Here te loof. Ons loof God vir sy seënryke regering oor veral ook sy kerk. Hy is die God wat groot dinge in die geskiedenis doen, deur sy Woord en in sy beheer van die natuur. God span alle dinge, maar spesifiek ook die natuur, in om in diens van sy wil te staan. Hy beheer die ontembare natuurmagte. Hy laat sy wind waai, die waters loop.

Die skrywer het hier die westewind in gedagte. Normaalweg, as in Palestina die droë oostewind waai en dit skielik omswaai, word dit 'n koeler wind wat van die kant van die Middellandse See lug in die land inbring, as lafenis. Saam met hierdie wind kom ook baie vog wat reën bring.

Die Here se regering sluit nie net oordeel en straf in nie, maar ook wonderlike seëninge wat lewe en oorvloed bring. Die waters loop.

Die Here bring ook 'n spesiale, goddelike "Wind", sy Gees, op Pinksterdag, om ons met ryke seëninge te oorlaai. Die Gees bring in ons die weergeboorte tot stand en laat ons deel in al die seëninge wat ons Here vir ons verwerf het. Hy is ook die waarborg dat ons eendag alles sal ontvang wat Hy beloof het.

Loof die Here vir sy groot mag. Prys Hom dat Hy ook winde kan inspan om ons sy ryke seëninge te bring. Prys Hom wat ook sy kerk opbou met sy Gees wat Hy stuur, wat soos 'n kragtige wind waai waar God wil hê dat Hy moet werk.

*Sing: Skrifberyming 8-2:1, 2, 3*

*Ds. HG Schutte (Suidkus)*